


Dwarsdeur die Skrif openbaar God Sy diep liefde vir stede. Hy verlos plekke wat deur gebrokenheid, ongeregtigheid en geestelike duisternis gekenmerk word. Van Nineve tot Jerusalem asook die Vroeë Kerk in Antiogië, sien ons Sy begeerte om gemeenskappe deur Sy teenwoordigheid te transformeer. 'n Verloste stad word nie bloot deur voorspoed gekenmerk nie, maar deur 'n gemeenskap waarin die Koninkryk van God in die alledaagse lewe sigbaar word.

Gedurende hierdie week bid ons vir die stede waarin ons woon. Ons gaan die Here aanroep om Sy heerlikheid te openbaar, lewens te transformeer en Sy Koninkryk in elke sfeer van die samelewing te vestig. Terwyl ons vir ons eie gemeenskappe bid, laat ons ook stede onthou waar mense min of geen geleentheid het om die Evangelie van die Here Jesus Christus te hoor nie. Elke dag sal ons vir vyf stede bid wat deel vorm van die **110 Cities-inisiatief**, waar tot minder as tien persent van die bevolking as Christene identifiseer en daar groot onbereikte groepe woon. Besoek **110 Cities** om meer oor hierdie onbereikte stede te leer en hoe om vir hulle te bid.

Mag die Heilige Gees vrymoedige getuies oprig, Sy Kerk versterk, harte vir die Evangelie oopmaak, en Christus-gesentreerde gemeenskappe vestig.



## MAANDAG 10 AUGUSTUS 2026

**'N STAD WAAR GOD GEËER WORD**

*Bevorder die belange van die stad ... bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.* (Jeremiah 29:7).



**Bybelse voorbeeld**

Jerusalem

Jerusalem is gevestig as die stad waar God se teenwoordigheid onder Sy mense gewoon het. Die tempel het 'n simbool geword van God se begeerte om onder Sy mense te woon.

**Laat ons bid**

Verklaring: Vredevors, laat U heerskappy en vrede toeneem in die strate, huise, skole, werkplekke en gemeenskappe van my stad (Jesaja 9:5-6).

**Onbereikte stede**
**Streek: INDIË**
**Bid vir die volgende 5 stede: Delhi, Amritsar, Asansol, Ahmedabad en Kanpur**
**Oorheersende godsdiens: Hindoeïsme**

- Bid dat, net soos die Here Jerusalem gekies het om Sy teenwoordigheid onder Sy volk te openbaar, Hy ook Sy heerlikheid in Delhi, Amritsar, Asansol, Ahmedabad en Kanpur sal openbaar.
- Vra die Here om baie mense deur die Evangelie tot redding te bring, Sy Kerk te versterk en gemeenskappe te vestig waar Hy geëer, aanbid en gehoorsaam word. Bid dat herlewing in hierdie stede sal uitbreek tot verheerliking van Sy naam.

# DINSDAG 11 AUGUSTUS 2026

## 'N STAD WAT TOEGEWY IS AAN GEBED EN GEESTELIKE HERLEWING

*Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.* (Handelinge 2:42).



**Bybelse voorbeeld**
Die Vroeë Kerk in Jerusalem
Die eerste gelowiges het 'n gemeenskap gevorm wat op gebed, eenheid, vrygewigheid en die teenwoordigheid van God gevestig was. Hul lewens het 'n diepgaande invloed op die stad rondom hulle uitgeoefen.

**Laat ons bid**
**Verklaring:** Die Here het wagte op die muur van _____________ (naam van jou stad) uitgesit wie dag en nag sal roep en God aan Sy beloftes sal herinner totdat sy getransformeer is en geestelike vrugte dra (Jesaja 62:6-7).

**Onbereikte stede**
**Streek: TURKYE**
**Bid vir die volgende stede: Antalya, Diyarbakir, Istanboel, Ankara en Gaziantep**
**Oorheersende godsdiens: Islam**

- Bid dat die Here gelowiges in Antalya, Diyarbakir, Istanboel, Ankara en Gaziantep sal oprig wat, soos die Vroeë Kerk in Jerusalem, hulle met oorgawe aan gebed, eenheid en die krag van die Heilige Gees sal toewy.
- Vra Hom om getroue voorbidders op te rig, harte vir die Evangelie oop te maak, Sy Kerk te versterk en Sy Heilige Gees uit te stort totdat hierdie stede geestelik ontwaak en die Here Jesus Christus leer ken.

## WOENSDAG 12 AUGUSTUS 2026

**'N STAD VAN BEKERING EN VERNUWING**

*Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.* (Jona 3:10).



**Bybelse voorbeeld**

Nineve

Nineve was 'n stad wat vir sy goddeloosheid bekend was, maar toe die mense hulle voor God verootmoedig, gevas en op Sy boodskap deur die profeet Jona gereageer het, het Hy hulle genade bewys en die stad verander.

**Laat ons bid**

**Verklaring:** Hemelse Vader, ons as U volk, verootmoedig onsself voor U, om te bid en U aangesig te soek. Ons sal van ons bose weë van sonde, geweld, korrupsie en selfsug wegdraai. Dankie dat U ons gebede verhoor en ons volgens U volmaakte wil beantwoord. Genees ons stad, Here (2 Kronieke 7:14).

**Onbereikte stede**
**Streek: CHINA**
**Bid vir die volgende stede: Guangzhou, Xining, Nanning, Beijing en Hohhot**
**Oorheersende wêreldbeskouing: Sekulêr / Boeddhisme**

- Bid dat die Heilige Gees, soos in Nineve, harte in Guangzhou, Xining, Nanning, Beijing en Hohhot sal oortuig om hulle van ongeloof, afgodery en geestelike blindheid tot die Here Jesus Christus te bekeer.
- Vra die Here dat Sy Woord met krag deur hierdie stede sal versprei, dat baie mense die Here Jesus as Verlosser sal aanneem, Sy Kerk versterk sal word en herlewing na omliggende gebiede sal uitbrei.

## DONDERDAG 13 AUGUSTUS 2026

**'N STAD VAN GEREGTIGHEID EN DEERNIS**

*Leer tog die koning, o God, om te regeer volgens u wil, leer die koning om die reg te handhaaf soos U dit wil, sodat hy regverdige beslissings oor u volk sal vel en aan die verdruktes reg laat geskied.* (Psalm 72:1-2)




**Bybelse voorbeeld**
Koning Jesus
Hierdie Psalm skets die volmaakte heerskappy van Koning Jesus, wie die armes beskerm, die behoeftiges red en met geregtigheid en deernis regeer. Sy Koninkryk word gekenmerk deur geregtigheid, barmhartigheid en regverdigheid.

**Laat ons bid**
**Verklaring:** Here, laat U Koninkryk in my stad kom! Laat U wil geskied op aarde soos in die hemel (Matteus 6:10). U herstel geregtigheid wanneer mense U naam aanroep (Lukas 18:1-10).

**Onbereikte stede**
**Streek: IRAN**
**Bid vir die volgende stede: Karaj, Qom, Teheran, Tabriz en Isfahan**
**Oorheersende godsdiens: Sjia-Islam**

- Bid dat die Here Jesus Sy geregtigheid, barmhartigheid en deernis in Karaj, Qom, Teheran, Tabriz en Isfahan sal openbaar en dat baie mense Hom as die ware Messias en Verlosser sal leer ken.
- Vra die Here om die ondergrondse Kerk te versterk, gelowiges met vrymoedigheid te vervul en Sy Koninkryk in hierdie stede te vestig, sodat baie mense deur die krag van die Heilige Gees tot bekering sal kom en herlewing sal uitbreek.

## VRYDAG 14 AUGUSTUS 2026

### 'N STAD MET GODVRUGTIGE LEIERSKAP

*Ek beveel aan dat u 'n verstandige en wyse man kies en hom in beheer plaas van die hele Egipte.* (Genesis 41:33).



**Bybelse voorbeeld**
Josef as leier in Egipte
God het Josef se wysheid, integriteit en getrouheid gebruik om 'n hele nasie gedurende 'n tyd van hongersnood te bewaar. Sy godvresende leierskap het seën, stabiliteit en hoop vir baie mense gebring.

**Laat ons bid**
**Verklaring:** My Here en my God, laat godvrugtige mense wat U goedheid gesien het, my stad lei met geregtigheid, barmhartigheid en nederigheid. Seën elke persoon wie invloed het in die regering, besigheid, die onderwys en die samelewing met U wysheid (Miga 6:8).

**Onbereikte stede**
**Streek: INDONESIË**
**Bid vir die volgende stede: Surabaya, Banjarmasin, Jakarta, Bandung en Makassar**
**Oorheersende godsdiens: Islam**

- Bid dat die Here, soos Hy vir Josef met wysheid en guns toegerus het, godvresende mans en vroue in Surabaya, Banjarmasin, Jakarta, Bandung en Makassar sal oprig wat met integriteit sal lei en Sy geregtigheid sal uitleef.
- Vra die Here om baie mense deur die Evangelie tot redding in Jesus Christus te bring, Sy Kerk met wysheid, eenheid en deernis te versterk en herlewing te stuur wat gesinne, gemeenskappe en elke sfeer van die samelewing sal verander.

# SATERDAG 15 AUGUSTUS 2026

## 'N STAD MET FLORERENDE GESINNE EN GEMEENSKAPPE

*"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."* (Josua 24:15).



**Bybelse voorbeeld**
Josua en die Israeliete
Josua het sterk leierskap en onwrikbare oortuiging getoon deur die volk op te roep om die Here alleen te dien. Te midde van vreemde volke en afgodery het hy sy huisgesin en die volk aangespoor om in gehoorsaamheid aan God te leef.

**Laat ons bid**
**Verklaring:** Here, U wie ons onverdeelde trou aan U verlang, draai die harte van die mense in my stad weg van afgodery na U. Laat jonk en oud U met hul hele hart liefhê en ander soos hulleself (Eksodus 20:1-6; Markus 12:30-31).

**Onbereikte stede**
**Streek: PAKISTAN**
**Bid vir die volgende stede: Quetta, Pesjawar, Multan, Karatsji and Islamabad**
**Oorheersende godsdiens: Islam**

- Bid dat die Here harte in Quetta, Pesjawar, Multan, Karatsji en Islamabad van elke valse godsdiens en afgod af na die Here Jesus Christus sal draai, sodat baie Hom as Verlosser en Here sal leer ken.
- Vra die Here om gesinne te herstel, gelowiges te versterk, moedige dissipels op te rig en die Evangelie met krag deur hierdie stede te laat versprei totdat herlewing gemeenskappe blywend sal verander.

## SONDAG 16 AUGUSTUS 2026

**'N STAD WAT AAN JESUS TOEGEWY IS**

*Toe het Hy hulle verlaat en uit die stad uitgegaan na Betanië toe, waar Hy die nag gebly het.* (Matteus 21:17).




**Bybelse voorbeeld**
Betanië
Betanië was die dorpie waar die Here Jesus dikwels vriendskap, gasvryheid en rus gevind het in die huis van Maria, Marta en Lasarus. Dit was ook die plek waar Hy Lasarus uit die dood opgewek het, Sy heerlikheid geopenbaar en baie mense tot geloof gekom het.

**Laat ons bid**
**Verklaring:** ______________ (naam van die stad), wees lief vir die Here Jesus Christus. Neem Sy Woord ter harte en Sy teenwoordigheid sal onder julle woon terwyl julle Hom aanbid (Johannes 14:23).

**Onbereikte stede**
**Kontinent: AFRIKA**
**Bid vir die volgende stede:** Ethiopië – **Addis Abeba,** Nigerië – **Lagos,** Soedan – **Khartoem,** Marokko – **Marrakesj en** Somalië – **Mogadisjoe**
**Oorheersende godsdienste: Christendom/Islam**

- Bid dat Addis Abeba, Lagos, Khartoem, Marrakesj en Mogadisjoe, soos Betanië, plekke sal word waar die Here Jesus welkom is, geëer word en Sy teenwoordigheid mense se lewens verander.
- Vra die Here om mense uit elke stam, taal en volk tot die reddende kennis van Jesus Christus te bring, Sy Kerk in heiligheid, liefde en eenheid te versterk en Sy Heilige Gees uit te stort totdat herlewing hierdie stede met die kennis van Sy heerlikheid vervul.